

**20 Augustus**

**1 Petrus 2:4-10**

***Hoe 'n kerk lewend word***

Daar word vandag gekla: die kerk is so dood. 1 Petrus 2:4-5 leer ons hoe 'n kerk lewend word.

Wanneer die apostel Petrus van die kerk praat, gebruik hy die beeld van 'n gebou. Die kerk is 'n tempel. Wat so wonderlik is aan hierdie Nuwe Testamentiese tempel is die feit dat dit, anders as die Ou Testamentiese een, nie uit gewone stene bestaan nie, maar mense is die stene. Hulle moet lewende stene, lewende lidmate, wees.

Hoé kan ons lewende stene wees? Vers 4 openbaar die geheim: "Kom na Hom toe, die lewende steen..." Benewens die stene waarvan ons alreeds gehoor het, hoor ons dus van nog 'n steen. Dit is Jesus Christus. Hy is die hoeksteen van die gebou. Op Hom verrys die hele kerk tot 'n wonderskone gebou.

"Kom na Hom toe..." Daarmee bedoel Petrus: Glo in Hom, in sy offer. Luister na sy lewegewende Woord.

Dit is so wonderlik van hierdie Steen: Hy het nie alleen lewe in Homself nie. Hy gee ook lewe aan die ander stene.

Hier het ons die diepste geheim van lewe in die kerk: Ons moet na Jesus toe gaan. Hy maak lewend. Hier is ook die diepste oorsaak van die doodsheid van die kerk vandag. Mense wil nie meer na Jesus toe kom om na sy Woord te luister nie. Die mens wil self doen en nie hoor wat Hy doen en gedoen het nie.

Sing: Psalm 118:11

Dr. A.H. Bogaards (Daniëlskuil/Delpportshoop)